e-Nuwe Horison
Jesaja 58:8

*"Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die heerlikheid van die HERE jou agterhoede wees."*

## IS JY BEKOMMERD OOR DIE TOEKOMS?

**"Ek kies om God te vertrou"**

**Skrif Jes 26:4**

**1953**

Vertrou *(met selfvertroue)* op die HERE *(יְהוָֽה Jehovah)* vir ewig, want in die Here HERE *(בְּיהוָה In Yahweh)* is 'n ewige rots. *(Hy is jou vesting, jou skild, jou banier)*

**KJV**

Trust ye in the LORD for ever: for in the LORD JEHOVAH is everlasting strength:

**DB**

Vertrou altyd op die Here, want Hy sal ons beskerm.

1. Al bring toekoms onsekerheid, God het alreeds môre bepaal

**1 Kon 17:1-16**

**1953**

**Die profeet Elía by die Krit en in Sarfat.**

1EN Elía, die Tisbiet, uit Tisbe in Gílead, het vir Agab gesê: So waar as die Here, die God van Israel, leef, voor wie se aangesig ek staan, daar sal geen dou of reën in hierdie jare wees nie, behalwe op my woord!

*Elia het gesag gehad wat ons nie kan verstaan nie. So verhouding het hy met God gehad.*

2Toe kom die woord van die Here tot hom en sê:

3Gaan hiervandaan weg en draai jou na die ooste toe en steek jou weg by die spruit Krit wat oos van die Jordaan is;

4en jy moet uit die spruit drink, en Ek het aan die kraaie bevel gegee om jou daar te onderhou.

*God se voorsiening is nie gekoppel aan ons tydsgrense nie.*
*God se voorsiening is nie gekoppel aan ons natuurlike grense nie.*

5En hy het gegaan en gehandel volgens die woord van die Here: hy het gaan bly by die spruit Krit wat oos van die Jordaan is.

6En die kraaie het vir hom smôrens brood en vleis gebring, en saans brood en vleis, en hy het uit die spruit gedrink.

*Kraaie eet nie brood nie, maar hy hulle eet vleis.*

7Maar ná verloop van tyd het die spruit opgedroog, want daar was geen reën in die land nie.

8Toe kom die woord van die Here tot hom en sê:

9Maak jou klaar, gaan na Sarfat wat by Sidon is, en bly daar; kyk, daar het Ek aan 'n weduwee bevel gegee om jou te onderhou.

*Wees versigtig vir valse skuldgevoelens. Die spruit het opgedroog agv die hongersnoot. Die een deur is toe maar die volgende deur het oopgegaan.*

10Daarop het hy hom gereedgemaak en na Sarfat gegaan; en toe hy by die ingang van die stad kom, was 'n weduwee juis besig om daar houtjies bymekaar te maak. En hy roep haar en sê: Gaan haal tog vir my 'n bietjie water in die kan, dat ek kan drink.

11Terwyl sy loop om dit te gaan haal, roep hy na haar en sê: Bring tog vir my 'n stukkie brood saam.

12Maar sy antwoord: So waar as die Here u God leef, ek het nie 'n broodkoek nie, net maar 'n handvol meel in die pot en 'n bietjie olie in die kruik; en hier maak ek nou 'n paar houtjies bymekaar; dan gaan ek en maak dit vir my en my seun klaar, dat ons dit kan eet en sterwe.

*Het Elia miskien verkeert gehoor? Ons kyk na ons omstandighede. Hoekom met heidense weduwee? Is voorsiening nie maar saak van geloof nie? Die Here het 'n plan. As dit nie dadelik uitwerk soos God gesê het nie, moenie opgee nie. As Elia omgedraai het, was daar groot moeilikheid.*

13En Elía sê vir haar: Wees nie bevrees nie, gaan heen, doen volgens jou woord; maar maak eers daarvan vir my 'n broodkoekie en bring dit uit vir my; daarna kan jy vir jóú en jou seun iets klaarmaak.

***14Want so sê die Here, die God van Israel: Die meel in die pot sal nie opraak en die olie in die kruik sal nie minder word nie, tot op die dag dat die Here reën op die aarde sal gee.***

*Belofte! Die Here sal in my behoefte voorsien.*

15En sy het gegaan en gehandel volgens die woord van Elía; en sy het geëet — sy en hy en haar gesin dae lank:

16die meel in die pot het nie opgeraak en die olie in die kruik nie minder geword nie, volgens die woord van die Here wat Hy deur die diens van Elía gespreek het.

*God voorsien al vir môre!*

*365 teksverse ons moenie vrees nie!*

2. My toekoms in God is groter as my onserheid

**Voorsiening: Fil 4:19**

**1953**

En my God *(Theos)* sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus.

Grieks = Θεός / God / Theos

**KJV**

But my God shall supply all your need according to his riches in glory by Christ Jesus.

**TPT**

I am convinced that my God will fully satisfy every need you have, *for I have seen* the abundant riches of glory *revealed to me* through Jesus Christ!

*Ek is oortuig daarvan dat my God elke behoefte wat ek het ten volle sal bevredig, want ek het gesien hoe Jesus Christus die oorvloedige rykdom van Sy heerlikheid aan my openbaar.*

*Die Here sal na elke behoefte voorsien. God provide your need not your greed!*

**Ewige rus: Joh 14:1-3**

**1953**

1LAAT julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My.

2In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.

3En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.

**KJV**

1 Let not your heart be troubled: ye believe in God, believe also in me.

2In my Father's house are many mansions: if *it were* not *so*, I would have told you. I go to prepare a place for you.

3And if I go and prepare a place for you, I will come again, and receive you unto myself; that where I am, *there* ye may be also.

**TPT**

1“Don’t worry or surrender to your fear. For you’ve believed in God, now trust and believe in me also.

2My Father’s house has many dwelling places. If it were otherwise, I would tell you plainly, because I go to prepare a place for you.

3And when everything is ready, I will come back and take you to myself so that you will be where I am.

*Die dood is net ‘n oorgangsproses. Metamorphose. God bepaal hoe ek my laaste asem gaan uitblaas.*

**Eensaam: Ex 33:21**

**1953**

Ook het die HERE gesê: Kyk, hier is 'n plek by My waar jy op die rots kan gaan staan.

**KJV**

And the LORD said, Behold, there is a place by me, and thou shalt stand upon a rock:

**DB**

Kom, hier is ’n rots waarby jy kan staan.

*Die Here sê: Kom staan hier langs my op die rots.*

**Hoe gaan dit eindig: Psalm 138:8**

**1953**

Die HERE sal dit vir my voleindig! U goedertierenheid, HERE, is tot in ewigheid: laat nie vaar die werke van u hande nie!

**KJV**

The LORD will perfect that which concerneth me: Thy mercy, O LORD, endureth for ever: Forsake not the works of thine own hands.

**TPT**

You keep every promise you’ve ever made to me! Since your love for me is constant and endless, I ask you, Lord, to finish every good thing that you’ve begun in me!

*U hou elke belofte wat U al ooit aan my gemaak het! Aangesien U liefde vir my konstant en eindeloos is, vra ek U, Here, om elke goeie ding wat U in my begin het, klaar te maak!*

*Dit sal goed eindig!*

**Silver jare: Jes 46:3-4**

**1953**

3Luister na My, o huis van Jakob en die hele oorblyfsel van die huis van Israel, julle wat *deur My* gedra is van die moederskoot af, opgeneem is van die geboorte af;

4en tot die ouderdom toe is Ék dieselfde, ja, tot die grysheid toe sal Ek *julle* dra; Ék het dit gedoen, en Ék sal *julle* opneem, en Ék sal dra en red.

**KJV**

3Hearken unto me, O house of Jacob, and all the remnant of the house of Israel, which are borne by me from the belly, which are carried from the womb:

4and even to your old age I am he; and even to hoar hairs will I carry you: I have made, and I will bear; even I will carry, and will deliver you.

**DB**

**Kan afgode vir jou sorg?**

3Almal van Jakob, almal wat van Israel oor is, moet na My luister. Vandat jy gebore is, het Ek vir jou gesorg. Toe jy ’n babatjie was, het Ek jou in my arms rondgedra.

4Selfs al word jy oud, sal Ek nog daar wees. Ek sal vir jou sorg tot jy grys is. Ek het julle gemaak. Ek sal vir julle sorg. Ek sal julle dra en julle versorg.

*Voorsiening*
*Rus*
*Eensaam*
*Einde*
*Silverjare*

*Wat ookal jou vrees is, God sal voorsien! Hy het alreeds voorsien.*

**Belofte**

**Jes 3:10**

**1953**

Sê van die regverdige dat dit met hom goed sal gaan; want die vrug van hul handelinge sal hulle eet.

**KJV**

Say ye to the righteous, that *it shall be* well *with him:* for they shall eat the fruit of their doings.

**DB**

Sê vir dié wat aan God gehoorsaam gebly het dat dit met hulle goed sal gaan. Daar wag ’n beloning vir hulle.

*Wees rustig, dit sal goed gaan!*

**Aanname**

1. God se voorsiening is nie gekoppel aan ons tydsgrense nie (God het alreeds voorsiening gemaak).
2. God se voorsiening is nie gekoppel aan natuurwette nie (Kraaie en Weduwee)
3. Gehoorsaamheid aan God se Woord ontsluit voorsiening.
4. Swaar tye beteken nie dat jy het iets verkeerd gedoen nie.
5. As dit nie dadelik uitwerk soos God gesê het nie, moenie opgee en twyfel nie!